DIE VOORROMS EN BEHEER VAN PLAE

DAAN DU TOIT

TIPE GIFSTOWWE

'n Basiese kennis van gifstowwe en die aanwending daarvan kan baie help om plae meer suksesvol te beheer. So is dit byvoorbeeld belangrik om te weet dat insekmiddels in drie klasse ingedeel kan word naamlik:

a. Kontakgifstowwe, waar die gifstof slegs effektief werk indien dit die insek in direkte kontak daarmee kom.

b. Maaggifstowwe, waar dit effektief werk sodra die insek daarvan ingeneem het deur van 'n gespuite plant te eet.

c. Sistemiese gifstowwe, waar die gifstof deur die plant opgeneem word en in die plantsap vermeng word sodat wanneer die insek van die plant eet of plantsap inneem, dit deur die gif geaffekteer word.

Baie gifstowwe werk op meer as een van bogenoemde wyse wyse byvoorbeeld : 'n kontak- en maaggif.

Sistemiese gifstowwe is mees effektief vir gebruik teen klein suigende insekte soos luise en rooispinnekop, terwyl kontak- en maaggifstowwe meer effektief is teen wurms en besies. In die reël kan daar met 'n sistemiese

middel gespuit word as daar suigmerke op die plant voorkom. Wanneer vreetmerke waargeneem word sal 'n kontak en maaggif normaalweg beter resultate lewer.

PLAE EN BEHEER

Al die peste en plae wat Akasias tref in die bonsaituin is nog nie geidentifiseer nie. Die volgende kan egter as die belangrikste beskou word:

Gepanserde dopluise

Hierdie tipe dopluise het 'n redelik harde gepanserde dop om hom te beskerm en vertoon normaalweg vaal tot ligbruin. Die dopluise teer nie op die groeipunte nie, maar kom op die ouer dele van die plant voor en is moeilik waarneembaar veral op Akasias-tipes met 'n skilferagtige stam soos Apiesdorings.

Beheer word bemoeilik vanweë die gepanserde dop enersyds maar ook omdat die dopluise soms redelik beskut word deur die growwe bas. 'n Bespuiting met 'n middel soos Chloor perriphos wat 'n kontak sowel as maaggif is behoort doeldreffend te wees. Sorg dat veral die stam uit alle rigtings deeglik benat word. 'n Be-spuiting met kalkswael in die winter kan as 'n voorkomende bespuiting dien.

Australiese wolluis

Dit is 'n groot witterige luis (omtrent so groot soos 2 vuurhoutjiekoppe) wat baie sag vertoon. Die luis is maklik waarneembaar op die jonger dele van die plant (nie noodwendig op die groeipunt nie) en kan beheer word deur met 'n middel soos Malasal te bespuit.